


# 7 Weke in die Tuin
# Week 2: TUINIER
## Johannes 20:11-18 (& Jesaja 5:1-7)

Dit bly my verras hoe radikaal anders Johannes die goeie nuus oor Jesus deel as wat Markus, Matteus en Lukas dit doen. Johannes laat jou voel asof jy ook daar is. Veral in die groot oomblikke… soos Maria en Jesus se ontmoeting in die tuin na sy opstanding.

**Misverstand… of in die kol?**
Maria Magdalena staan in ’n tuin maar sy sien net ’n graf. Maria is die vrou wat deur Jesus verlos is van sewe demone. Sy het haar lewe te danke aan Jesus. In hierdie oomblik is só vasgevang in verlies dat sy nie vir Jesus herken nie. Sy dink Hy is die **tuinier**, wat ironies genoeg nader aan die waarheid is wat sy dink!

In Jesaja 5 lees ons van God die **tuinier** en sy versorgende betrokkenheid by ons. Maar tsv al sy liefde en omgee is daar geen vrug nie nie.

“Wat meer kon Ek doen?” Dis nie die reaksie van ‘n kwaai God nie, maar eerder ’n Tuinier op wie se liefde daar geen reaksie of ontvanklikheid is nie. ’n God wat, soos Maria, verlies ervaar.

**Tussen Jesaja en Johannes gebeur die evangelie**
Jesaja 5: ‘n Wingerd wat misluk.
Johannes 20: ‘n Tuin wat nuut begin met die opstanding.
Waar die wingerd misluk, kom die Tuinier self. God kom herstel wat verlore is. Waar Christus is, word grafte tuine.

**“Maria!”**
In haar onsteltenis vra Maria vir die Tuinier (Jesus) waarheen hul Jesus se liggaam gevat het. Jesus se antwoord op haar vraag is haar naam! En dan gaan haar oë oop.

Rembrandt van Rijn se skildery van Maria en Jesus beeld dit

treffend uit. Anders as meeste kunstenaars, fokus hy nie op die bekende “Moenie aan My vashou nie”-oomblik nie, maar wanneer Maria vir Jesus herken. Want wat is kragtiger as om raakgesien en op die naam genoem te word deur die Opgestane Here!

In die skildery dra Jesus ‘n groot hoed. Hy het selfs tuingereedskap by Hom.  Hy is inderdaad ook die Tuinier.  Die tweede Adam staan nou in die tuin.  Rembrandt plaas Maria in die middel van die skildery, maar eintlik wys alles na Jesus… Haar liggaam wys dat sy wegdraai vanaf die donkerte van die leë graf na die lig van Christus se liefde.

**Egte geloof begin wanneer jy jou naam hoor.**

Maria se storie is ook ons storie, bedoelende: hier is wat gebeur het toe die verlies, ontnugtering en teleurstelling van my lewe in die *opstanding* en onverklaarbare *liefde* van Christus vasgeloop het. Dit is hoe ek gevoel het toe my "nee" gebots het met God se "ja”.

Vroeg in die oggend... Toe dit nog donker was. Dit is waar hierdie storie in die tuin begin. Jesus verskyn vanuit die donkerte. Dit vat soms ‘n hele ruk om Hom te herken. En Hy laat my nie eers toe om vas te hou aan my ou idees nie; ek mag ook nie die Tuinier omhels en vashou nie. Maar Hy hou aan om my op my naam te roep, en gee my ‘n rol om te speel in sy tuin.

**God het groen vingers**

Die vraag is nie: ‘Glo jy in die leer van die opstanding?’ nie. Om eerlik te wees, dink ek nie dis so besonder moeilik nie. Die vraag is nie: ‘Glo jy?’ Nie, maar ‘Het jy al die opgestane Christus ontmoet?’  Ons getuienis oor Christus begin en groei in die ryk, vrugbare grond van ons unieke stories.

